# 6 September 2023 - Lesing 119 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Beskerming deur engele in die geloofstryd

**NO: 7440 Tallose engele sal julle bystaan** in hierdie laaste stryd op aarde. Julle hoef nie te vrees wanneer hierdie stryd ontbrand nie, want julle sal die krag ontvang om weerstand te kan bied teen wat van julle almal in hierdie stryd geëis word. Julle sal My trou kan bly omdat julle **innerlik so met krag vervul sal wees**, dat julle in geen geval die slagoffer sal word van die aanvalle van die vyande nie. Ek weet dat julle wil na My toegekeer is en daarom sal Ek julle My engele stuur vir beskerming. **En dit sal heel duidelik deur julle opgemerk word.**

Dit is ‘n moeilike stryd, want dit word deur My teenstander **brutaal en met fanatieke ywer** gevoer. Maar tog sal julle dit nie so gewaarword nie, omdat julle vervul sal wees met die gees, wanneer hierdie aksies begin. Hulle rig hul teen die mense wat in My glo en My daarom ook openlik bely in JaHshua die Messias. En hierdie moed om My te bely sal nog toeneem, want elke nuwe belydenis sal julle met steeds meer krag vervul, want Ek sal My dan duidelik laat ken deur My Gees, wat elkeen sal vervul wat My bely voor die wêreld.

Die wat Myne is, sal weet welke uur geslaan het en sal dan ook daagliks My koms verwag. En dit sal hul ook weer die krag gee om vol te hou en geen ag te slaan op die probleme nie. Want steeds weer sal Ek julle hulp stuur en ook sal My engele julle beskerm teen die aanvalle van die vyand. En solank My engele julle bystaan, sal julle sonder gevaar wees. Want hulle vervul altyd My wil en vind hul saligheid daarin om My en julle te mag dien.

Dit sal spoedig so ver wees **dat die Antichris homself sal openbaar.** Julle weet nie van welke kant hy sal kom nie, maar dit sal vir julle almal ‘n verrassing wees. Dan sal die tekens egter ook so ooglopend daar wees vir julle dat geen vergissing meer moontlik kan wees nie. **Julle sal hom so duidelik herken** dat julle julleself sal kan bewapen teen sy voornemens. **Maar voor dit sal Ekself nog spreek uit die Hoogte.** Julle moet ook weet dat julle taak nog nie ten einde is nie en julle hierdie tyd ook sal moet meemaak, maar dat julle ook die krag daartoe van My sal ontvang om stand te kan hou in die laaste stryd op hierdie aarde.

En wie Ek met hierdie woorde wil aanspreek, sal dit ook gewaarword, want Ek sorg vir julle as julle My wil dien. Ek het julle nodig in die laaste geloofstryd en in die tyd waaroor dit gaan om die laaste beslissing. Ek het julle nodig **om deur julle aan julle medemens opheldering te kan gee oor wat Ek van hulle verlang**. Dat hulle moet standhou en nie verontrus hoef te wees nie, as hulle aan My wil behoort en My wil vervul. En as hulle luister na julle, sal hulle ook moed kry en weerstand bied. Dan sal My teenstander geen sukses hê nie en sal hy hulle met rus moet laat, **want My engele beskerm elke mens wat aan My wil behoort.**

Die stryd sal ontbrand, nie alleen teen die afsonderlike gelowige mens nie, **maar teen alles wat geestelik georiënteerd is.** En al diegene wat ‘n geloof besit wat lewend is en aan die **deur My gegrondvesde kerk (innerlike kerk van die hart vol liefde)** behoort, sal die stryd ook seëvierend deurstaan, want hulle stry onder My banier en word gelei en beskerm deur ‘n leër van onsigbare stryders.

Hulle dien My in geregtigheid tot die dag aanbreek wanneer Ek die wat Myne is, bevry uit nood en ellende, totdat die dag van die oordeel aangebreek het, wat ‘n einde sal maak aan alle aardse en geestelike stryd. Amein.